BOEKRESENSIES

E H Merrill, *Kingdom of priests. A history of Old Testament Israel.* Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1987, 546pp. Prys onvermeld.

Die outeur is hoogleraar in Semitiese tale en die Ou Testament aan die Dallas Theological Seminary. Hy skryf 'n kronologiese oorsig van die geskiedenis van Israel vanuit 'n uiters konserwatiewe perspektief. Ek sou dit, om die waarheid te sê, as 'n fundamentalisties-biblisistiese benadering wou beskryf. Merrill wil die geskiedenis van die Ou Testament "along the lines of normal historiography" rekonstrueer. Hy glo aan die sogenaamde "inerrancy" van die Bybel en sê van die Bybel dat dit "speaks accurately and authoritatively of matters of science and history". Hierdie aanhaling is veelseggend. Om die Bybel as 'n gesaghebbende bron vir wetenskap en geskiedenis te bestempel, vertoon 'n totale gebrek aan die wese en funksie van die Bybel. Die Bybel is God se gesaghebbende Woord. Dit is egter nie 'n naslaanboek waar 'n mens alles van alles kan gaan lees nie, maar 'n teologiese dokument.

Dit lyk verder asof Merrill die kanoniese volgorde van die Bybelboeke as 'n kronologiese volgorde hanteer. Hy lees ook al die boeke op dieselfde vlak. Enkele voorbeelde van sy benadering kan genoem word: Hy aanvaar die Mosaïese outeurskap van die pentateug. Hy aanvaar dat Jesaja die hele boek Jesaja geskryf het en verklaar die verwysings na die ballingskap in Jesaja 40-55 as voorspellings wat die profeet sou gemaak het. Hy dateer die profeet Joël, wat algemeen as na-eksiliese profeet aanvaar word, as 'n tydgenoot van Elisa. Oor die boek Jona sê hy: "If one regards Jonah as anything than historical narrative for whatever reason, it becomes difficult if not impossible to regard anything in the Old Testament as historical". Hierdie voorbeelde kan vermenigvuldig word. Dit lyk of die totale Ou-Testamentiese wetenskap en al die navorsing van die afgelope eeu geen invloed op Merrill uitgeoefen het nie.

Ek wil die boek nié aanbeveel vir studente of predikante nie omdat die erfsonde van fundamentalisme en biblisisme dalk weer 'n versoeking kan word by die lees van hierdie boek!

W S Prinsloo

J J Owens, *Analytical key to the Old Testament. Vol. 3 Ezra-Song of Solomon*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1991, 660pp. Prys onvermeld.

Nadat die vierde volume in 1989 en die eerste volume in 1990 verskyn het, volg hierdie derde volume in 1991. Vanselfsprekend volg hierdie volume presies dieselfde werkswyse as die voriges. Wat van die vorige volumes gesê is, kan dus hier herhaal word (cf *Skrif en Kerk* 11/2 [1990], 231 en 12/2 [1991], 307-308):

Die doel van dié analitiese Hebreeuse leksikon is om 'n volledige grammatikale en leksikografiese beskrywing van elke woord in die Hebreeuse kanon te gee. Daar word vers vir vers deur die Ou Testament beweeg en van elke woord 'n morfologiese beskrywing gegee. Verder word bladsyverwysing gegee waarop die spesifieke woord in *Brown, Driver & Briggs* verskyn. Daar word ook 'n

Engelse vertaling van die woord gegee en by werkwoordsvorme word die werkwoordstam ook gegee. *Biblia Hebraica Stuttgartensia* word as basis gebruik.

Die oorkoepelende doel van die woordeboek is om aan studente, predikante en teoloë 'n sleutel of hulpmiddel te gee om die Ou Testament beter te kan interpreteer. In die woorde van die outeur: "This key is intended to assist the person who knows some Hebrew but has not retained interpretive or grammatical discernment". Die outeur, John Owens, is 'n kenner van die Hebreeuse taal en het meer as 35 jaar Hebreeus aan die "Southern Baptist Theological Seminary" gedoseer.

Dit kan nie ontken word nie dat hierdie leksikon wel 'n hulpmiddel kan wees by die lees en interpretasie van die Ou Testament. Aan die ander kant kan so 'n leksikon ook gevaarlik wees omdat dit 'n mens in versoeking kan bring om in plaas van self met 'n grammatika en gewone woordeboek te worstel 'n maklike ontsnappingsroete te gebruik deur dit gou in die analitiese leksikon op te soek. So 'n analitiese woordeboek kan 'n mens dus lui maak, maar selfs dié "sonde" is te verkies bo die gewoonte om glad nie met die Hebreeuse teks te werk nie.

W S Prinsloo

Tremper Longman III, *Old Testament commentary survey*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1991, 160pp. Prys onvermeld.

Die outeur tabelleer en gee 'n oorsig van Ou-Testamentiese Inleidings, geskiedenisse van Israel, die belangrikste boeke oor die argeologie van Palestina, vertalings van Nabye Oosterse tekste, woordeboeke, teologiese woordeboeke, konkordansies, Hebreeuse grammatika boeke, leksikons, boeke oor die kanon van die Ou Testament en die belangrikste van alles, Ou-Testamentiese kommentare. Laasgenoemde kategorie, wat die grootste deel van die boek uitmaak, word in twee rubrieke verdeel, naamlik kommentare wat as deel van 'n reeks verskyn het en individuele kommentare. In elke geval gee Longman die volledige bibliografiese inligting asook die omvang en prys van die boek aan. Hy noem egter nie net die boeke nie, maar gee ook 'n kort evalusie - bestaande uit 'n paar reëls - van elke boek en gee dan 'n punt op 'n 1-5 skaal. Hy onderskei ook of die boek vir leke, vir predikante/teologiese studente of Ou-Testamentiese akademici bedoel is.

Met hierdie publikasie lewer die outeur 'n groot diens en sy boek is 'n skat van inligting vir diegene wat hulle op hoogte wil bring met die belangrikste publikasies wat daar op die Ou Testament verskyn het. Longman sê self dat hy 'n "evangelical approach" tot die Ou Testament het. In hierdie publikasie van hom slaan hy dan ook diegene wat 'n soortgelyke benadering as hy het, se boeke hoog aan. Om W C Kaiser se teologie byvoorbeeld net soveel punte as dié van Von Rad te gee, is lagwekkend. Die evaluasie wat Longman van die boeke gee moet dus nie te ernstig opgeneem word nie, maar in terme van sy eie paradigma beoordeel word. Die publikasie is egter 'n baie handige naslaanwerk vanweë die formele inligting daarin beskikbaar. Ek beveel dit aan vir sowel predikante as teologiese studente.

W S Prinsloo

P A Verhoef, *Die boek Haggai*, N G Kerk-uitgewers, Kaapstad 1989, 67pp. Prys R15-R30.

Hierdie kommentaar in die reeks "Skrifuitleg vir Bybelstudent en Gemeente" van N G Kerk-uitgewers bied aan die leser die kennis en insig van 'n geëerde Ou-Testamentikus oor 'n onderwerp waarvan die outeur 'n diepgaande studie gemaak het. Verhoef is ook die outeur van die kommentaar oor Haggai en Maleagi wat in 1987 in die NICOT-reeks verskyn het en die arbeid wat hierdie "wetenskaplike broer" (soos hy dit self noem) onderlê, word ook in hierdie bondige Afrikaanse weergawe weerspieël.

Sterk punte van hierdie boekie wat vermelding verdien, is die goeie, oorsigtelike inleiding, die duidelike uitleg en die goeie versorging van sowel die taal as die uitleg. Die kommentaar bied oorvloedige kruisverwysings wat dit vir doeleindes van Bybelstudie baie geskik maak. 'n Verblydende aspek is die feit dat die Hebreeuse teks self in die kommentaar verantwoord word wanneer daar meermale na Hebreeuse woorde (in transkripsie) verwys word. Hoewel daar blyke is van 'n logosentriese eerder as 'n semantiese benadering, beklemtoon hierdie aspek die waarde van die grondteks vir ernstige Bybelstudente.

Teen die outeur se toepassing van Haggai se boodskap binne 'n skema van belofte en vervulling moet myns insiens kritiek uitgespreek word. Die indruk word onwetend geskep dat die boodskap van Haggai vir die Kerk van vandag alleen te vinde is in "Messiaanse fragmente" (p20), in beloftes wat nie in die Ou-Testamentiese volk vervul is nie of slegs gedeeltelik vervul is.

Wat kwaliteit en diepte van uitleg betref, bevat hierdie werk 'n rykdom aan inligting wat dit geskik maak om by sowel gemeentelid as predikant aanbeveel te word.

P J Botha

J McCray, *Archaeology & the New Testament,* Baker, Grand Rapids 1991, 432pp. Prys onbekend.

Argeologiese ontdekkings werp van tyd tot tyd nuwe lig op die verstaan van die Bybel, en op die Nuwe Testament met name, aangesien dit ons kennis van die lewensomstandighede van die mense rondom die eerste eeu na Christus verbreed. In hierdie omvattende werk slaag John McCray, professor in Nuwe Testament aan die Wheaton College, dan ook op 'n voortreflike wyse daarin om 'n voorraadskuur van ou en nuwe argeologiese inligting oor die Mediterreense wêreld rondom die eerste eeu op 'n bevatlike wyse aan sy lesers bekend te stel.

In deel 1 bespreek McCray die tipiese argitektuur van die Nuwe-Testamentiese tyd. Hieronder behandel hy in hoofstuk 1 die algemene uitleg van die stede, sowel as die vernaamste strukture hierbinne, soos openbare baddens, akwadukte, teaters en amfitiaters. In hoofstuk 2 val die klem op die religieuse en huishoudelike strukture rondom die eerste eeu. Verskillende tipes sinagoges wat deur die Jode as aanbiddingsplekke gebruik is, sowel as godsdienstige tempels binne die Hellenistiese wêreld, word indringend bespreek voordat die tipiese behuising van die rykes en die armes gedurende dié tyd aan die orde gestel word.

In deel 2 van hierdie boek wy McRay 'n lang bespreking aan die bouwerke van Herodes die Grote, wat vanaf 37-4vC oor Judea, Samaria en Galilea regeer het. Herodes was veral bekend vanweë sy omvattende bouprogramme regoor sy magsgebied. McRay bied dan ook goeie voorbeelde van die Herodiaanse argitektuur aan by wyse van 'n aantal interessante sketse en fotos, en bespreek sy belangrikste bouwerk, te wete, die tempel in Jerusalem, in groot detail (hoofstuk 3). In hoofstuk 4 val die fokus op Herodes se bouwerke buite Jerusalem.

Deel 3 word gewy aan 'n bespreking van die lokaliteite wat verband hou met Jesus se lewe en optrede. Hieronder bied McRay in hoofstuk 5 belangrike inligting aan oor die gebiede in Galilea waar Jesus in die openbaar opgetree het. Die (waarskynlike) woonhuis van Petrus in Kapernaum, asook die dorpe waar Jesus gepreek het en sy wonderdade verrig het, soos Gorasin, Sesarea Filippi en Kana, word onder andere hier bespreek voordat die groot Galilese stede, soos Sefforis en Tiberias, aandag ontvang. Alhoewel die evangelies geen aanduiding van enige besoeke van Jesus aan laasgenoemde plekke gee nie, vermoed McRay dat Jesus wel voor sy openbare optrede as timmerman in Sefforis kon gewerk het. Onder Herodes Antipas, 'n seun van Herodes die Grote, se bewind oor Galilea is hierdie stad, wat sowat 6 km van Nasaret af geleë was, naamlik herbou en is ruimskoots van die dienste van Joodse vakmanne gebruik gemaak.

Hoofstuk 6 konsentreer op Jesus se optrede in Judea. Die verskillende lokaliteite waar Jesus tydens die laaste week voor sy kruisiging opgetree het, kom veral hier onder die loep. Besonder insiggewend is McCray se besprekings van die wyse waarop persone in die eerste eeu gekruisig is, asook van die sogenaamde tuingraf wat deur vele persone as die graf van Jesus geïdentifiseer word. Aan die hand van nuwere argeologiese navorsing konkludeer hy egter dat laasgenoemde nie Jesus se graf was nie. Die oorwig van argeologiese- en ander argumente dui volgens hom eerder op die terrein waar die Kerk van die Heilige Graf vandag staan.

In deel 4 verskuif die fokus na die terrein van die vroeë kerk. In hoofstuk 7 word die stede in oos en sentraal Klein-Asië naamlik bespreek waar Paulus tydens sommige van sy sendingreise opgetree het, terwyl hoofstuk 8 die stede in die westelike gedeelte van Klein-Asië aan die orde stel wat veral in Openbaring vermeld word. Ander streke en stede wat ook in hierdie afdeling aandag ontvang, is Masedonië, Athene (hoofstuk 9), Korinte en Rome (hoofstuk 10). 'n Groot aantal kaarte, fotos en illustrasies oor die uitleg van stede en dorpe hierbinne, asook belangrike standbeelde, inskripsies, geboue en strukture wat in genoemde plekke behoue gebly het, en wat vandag van besondere argeologiese belang is, word deurgaans in hierdie hoofstukke aangebied.

Na die uitgebreide bespreking van die stede van die Nuwe Testament kom hoofstuk 11, wat handel oor antieke dokumente, ietwat uit die bloute op 'n mens af. Die ontdekking van papiri wat van groot belang binne die tekskritiese studie van die Nuwe Testament is, soos die John Rylands papirusfragment (of soos wat dit beter bekendstaan: p^{52}), die Chester Beatty papiri, die Bodmer papiri, ensovoorts, word naamlik hier bespreek, waarna hul bydrae tot die interpretasie van die kanon van die Nuwe Testament behandel word. Die opbou van antieke briewe, asook die gebruik van Godsname rondom die eerste eeu, ontvang ook kursoriese aandag. Hierdie hoofstuk vorm ongelukkig ietwat van 'n antiklimaks tot die andersins indrukwekkende werk. Ten eerste is dit moeilik om die inhoudelike verband tussen die res van die boek en dié hoofstuk in te sien. En tweedens word die ingewikkelde

problematiek rondom die tekskritiek en die kanonvraagstuk baie oppervlakkig bespreek, wat afbreuk doen aan die andersins diepgaande navorsingswerk elders in die boek.

Ten spyte van die kritiese opmerkings met betrekking tot hoofstuk 11, wat inhoudelik en gehaltegewys nie in pas met die res van die boek is nie, is hierdie publikasie van McRay, in die geheel gesien, 'n baie nuttige werk. Dit kan as 'n belangrike hulpmiddel dien vir lidmate, studente, predikante en vakkundiges wat meer te wete wil kom oor die wêreld waarbinne die Nuwe-Testamentiese geskrifte hul oorsprong het. Die groot aantal sketse, kaarte, fotos en diagramme, tesame met tabelle en verduidelikings van tegniese terme aan die einde van die boek, sorg nie alleen vir heerlike leeswerk nie, maar plaas 'n groot hoeveelheid vakkundige kennis binne maklike bereik van elke ernstige student van die Nuwe Testament.

S J Joubert

E P Groenewald, *Die Evangelie volgens Lukas,* Tweede uitgawe, NG Kerkuitgewers 1989, 279pp. Prys R39-00.

Dit is altyd goeie nuus as 'n Afrikaanse teologiese werk 'n herdruk beleef. Vanweë die relatief klein mark vir Afrikaanse teologie, beleef die meeste publikasies op hierdie terrein meestal maar net 'n enkele uitgawe. Maar deur die jare heen het die sogenaamde "swart reeks" kommentare hulleself onder lidmate, studente en predikante gevestig as uiters nuttige populêr-wetenskaplike verklarings van verskillende Bybelboeke. Vandaar dan ook hierdie behoefte aan 'n herdruk.

Die doel van hierdie kommentaarreeks is om die Bybelboeke op 'n bevatlike wyse vir 'n wyer leserskring as vakwetenskaplikes te ontsluit. Uiteraard bied dit 'n groot uitdaging aan die adres van die onderskeie skrywers omdat hulle enersyds nie in hoogs tegniese besprekings van die tersaaklike tekste kan verval nie, maar andersyds moet hulle ook deurentyd die vaarwater van oppervlakkige Bybel-uitleg vermy. Die alombekende Prof E P Groenewald, baanbreker op die gebied van die Nuwe-Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika, slaag in hierdie kommentaar uitstekend daarin om tussen genoemde Scylla en Charibdis deur te vaar en die Lukasevangelie op 'n verantwoordelike wyse vir sy lesers te ontsluit.

In die inleiding tot hierdie kommentaar bied die skrywer 'n nuttige historiese raamwerk aan waarteen die Lukasevangelie gelees en verstaan moet word. Tipiese inleidingsvraagstukke, soos die besondere aard van die Evangelie, die skrywer, die leserskring, die ontstaanstyd en die ontstaansplek, ontvang hier aandag, tesame met 'n oorhoofse indeling van die inhoud van die Evangelie. Hierna word die Lukasevangelie op 'n bondige wyse perikoop vir perikoop verklaar.

Prof Groenewald se grondige kennis van die sinoptiese problematiek blyk deurgaans uit sy besprekings van die onderskeie perikope. Wanneer hy byvoorbeeld die geslagsregister van Jesus in Luk 3:23-28 bespreek, wys hy op die interessante ooreenkomste en verskille tussen Lukas en Matteus se weergawes hiervan (Matt 1:1-17). Hy laat egter nie na om die teologiese redes hiervoor aan sy lesers te verduidelik nie. Trouens, een van die winspunte van hierdie kommentaar is dat Prof Groenewald baie moeite doen om kenmerkende Lukaanse aksente deur die loop van die evangelie uit te lig. Tog sou die skrywer plek-plek selfs nog skerper

hierop kon gefokus het; veral ten opsigte van Lukas se beklemtoning van die sosiale verantwoordelikheid van gelowiges. Nie alleen teken hy naamlik 'n groot aantal uitsprake van Jesus oor armoede op nie, maar hy vermeld ook dikwels hoe Jesus jeens die sosiaal uitgeworpenes van sy dag opgetree het. In die bespreking van hierdie tekste word egter nie genoegsaam nadruk hierop geplaas nie (vgl bv Luk 4:14-30; 7:36-50; 12:13-34; 14:7-33).

'n Probleem wat 'n mens wel met 'n kommentaar soos hierdie sou kon hê (wat egter nie voor die deur van die betrokke skrywer geplaas kan word nie), is dat dit die eksegetiese proses verskraal tot enkelduidige verklarings. Lesers kry ongelukkig nie in hierdie kommentaarreeks veel blootstelling aan ander standpunte behalwe dié van die skrywers self nie, sodat die indruk sou kon ontstaan dat hulle standpunte telkens die enigste korrekte verklarings van bepaalde teksgedeeltes of Bybelboeke is. As gevolg hiervan word lesers nie genoegsaam tot 'n debat met die teks gestimuleer waar ook aan hulle die geleentheid gebied word om soms met verskillende interpretasies van bepaalde teksgedeeltes te worstel nie. Die uitgewers sal gewis aan hierdie probleem aandag moet skenk ten einde die nuttigheidswaarde van hierdie, andersyds goeie, kommentaarreeks nog verder te verhoog.

Bovermelde opmerkings het nie ten doel om die grondige eksegetiese arbeid van Prof Groenewald enigsins ongedaan te probeer maak nie. Inteendeel. Ons het hier met 'n baie handige kommentaar op die Lukasevangelie te make wat vir elke ernstige Bybelstudent van groot waarde sal wees.

S J Joubert

E H Kiehl, *The passion of our Lord,* Baker, Grand Rapids, 1990, 224pp. Prys onbekend.

'n Aantal jare gelede was dit hoog mode binne sekere Nuwe-Testamentiese kringe om allerlei rekonstruksies te maak van die laaste week van Jesus se openbare optrede in Jerusalem. Baie van hierdie publikasies het hulle egter skuldig gemaak aan growwe veralgemenings en onoordeelkundige hantering van hul bronne. Gegewens vanuit die 4 evangelies is naamlik lukraak uit hul tekstuele kontekste verwyder en as't ware in 'n nuwe teks saamgevoeg om 'n kronologiese beeld oor Jesus se doen en late gedurende die week voor sy kruisiging te probeer vorm. Vanweë, onder andere, die opbloei van die redaksiegeskiedenis en sekere literêre benaderings binne die Nuwe-Testamentiese wetenskap, en die gevolglike nadruk op die eie aard en boodskap van elke evangelie, het die gewildheid van sodanige tipe studies egter baie afgeneem. Tog waag Eric Kiehl in hierdie publikasie sy hand weer eens aan sodanige rekonstruksie van Jesus se doen en late gedurende die laaste week van sy openbare optrede.

Na 'n ietwat losstaande inleidende hoofstuk, wat handel oor Messiaanse verwagtinge rondom die eerste eeu nC, word hoofstuk 2 van hierdie boek gewy aan 'n kort bespreking van Jesus se reis na Jerusalem vir die viering van die paasfees. In hoofstuk 3 val die fokus op geografiese inligting ten opsigte van Jerusalem in daardie tyd, sowel as op Jesus se vervloeking van die vyeboom en sy tempelreiniging op die Maandag na sy aankoms in die stad. Alhoewel Kiehl hier allerlei interessante gegewens oor die algemene opset in Jerusalem aanbied, is sy bespreking van

Jesus se tempelreiniging baie oppervlakkig. Sy terloopse hantering van die ingewikkelde problematiek rondom die aantal tempelreinigings van Jesus tydens sy openbare bediening in 'n enkele paragraaf (bl 33-34), is veral baie onbevredigend.

In hoofstuk 4 word 'n kort bespreking van Jesus se openbare optrede op die Dinsdag aangebied, waarna die laaste maaltyd van Jesus saam met sy dissipels in hoofstuk 5 en 6 onder die loep geneem word. Kiehl bied hier nuttige inligting aan oor die wyse waarop 'n tipiese paasmaaltyd gedurende dié tyd deur die Jode gevier is, maar hy systap egter die probleem rondom die oënskynlike verskil tussen die Sinoptiese Evangelies en Johannes oor die aard van "die laaste avondmaal" tussen Jesus en sy dissipels. Die Sinoptici is naamlik met mekaar eens oor die feit dat dit wel 'n paasmaaltyd was, maar volgens Johannes wil dit op die oog af lyk asof die paaslammers eers geslag is op die Vrydag toe Jesus gekruisig is (Joh 18:28; 19:31). Kiehl skenk egter geen aandag aan hierdie problematiek nie. Daarom is sy verwysing na sy eie: "careful investigation" rondom hierdie laaste maal van Jesus en sy dissipels (bl 49), ietwat onvanpas.

In die res van die boek (hoofstukke 7-14) word 'n inhoudelike bespreking van Jesus se gebed in Getsemane, sy gevangeneming, verhoor, kruisiging en begrafnis aangebied, tesame met 'n kort epiloog oor sy opstanding (hoofstuk 15). Soos met vele ander publikasies op hierdie terrein word gegewens vanuit die 4 evangelies ongekwalifiseerd aaneengeryg om 'n kronologiese beeld van hierdie gebeure te probeer vorm. Ongelukkig bied Kiehl geen teoretiese fundering vir hierdie werkswyse van hom aan nie. Ter versagting moet darem bygesê word dat hy tog deurgaans in hierdie "sinopsis" probeer aantoon hoe die evangeliste Jesus se lyding binne hul onderskeie evangelies geïnterpreteer het.

Deur die loop van hoofstukke 7-14 word nuttige historiese inligting aangebied oor onder andere die hoëpriesterlike families, die paleis van Herodes, die rol van die Romeinse owerhede in Jerusalem gedurende hierdie tyd, die wyse waarop kruisigings en verhore plaasgevind het en die waarskynlike voorkoms van Jesus se graf. 'n Hele aantal sketse, fotos en kaarte, wat ook in hierdie hoofstukke aangebied word, help in die verband om 'n konseptuele beeld van die gebeure rondom Jesus se verhoor en kruisiging te vorm.

Hoe oordeel mens oor 'n publikasie van hierdie aard? In die eerste plek het Kiehl weer in die ou slaggat getrap van 'n ongekwalifiseerde sameflansing van sy bronne ten einde 'n historiese oorsig oor Jesus se optrede te probeer vorm. Bygesê, hierdie boek is darem van 'n hoër gehalte as vele ander publikasies op dieselfde terrein. Kiehl bied ten minste 'n aantal meer substansiële besprekings oor Jesus se lyding vanuit die onderskeie evangelies aan as baie van sy voorgangers.

Uiteraard is die 4 evangelies ons belangrikste getuies oor die aardse optrede van Jesus, maar 'n metodologies verantwoorde hantering van hulle om 'n historiese profiel van sy lyding te probeer vorm, sou die waarde van hierdie boek baie verhoog het. Veral gesien in die lig van die feit dat Kiehl 'n meer gevorderde leserskring as slegs kerklike lidmate in die oog het (soos wat dit blyk uit sy tegniese besprekings en gebruikmaking van Griekse terminologie), maak dit des te meer noodsaaklik om 'n teoreties-gefundeerde benadering te volg.

Ten tweede bied Kiehl wel 'n groot magdom belangrike historiese informasie deur die loop van sy boek aan wat aan lesers se kennis oor die wêreld van die eerste eeu, met sy eiesoortige sosiale instellings en gebruike, heelwat behoort te verbreed. Na my oordeel lê die grootste waarde van die boek hierin opgesluit.

Met inagneming van die voorafgaande kritiese opmerkings sou ek Kiehl se werk as 'n hulpmiddel wou aanbeveel aan ernstige lesers van die Bybel, en met name aan Bybelkunde studente, wat belangstel in 'n kronologie van Jesus se lewe en in sy lyding. Maar dan moet hulle dit egter in samehang met ander "meer gewigtige" teologiese werke oor Jesus se leringe en optrede lees.

S J Joubert

Simon J Kistemaker, *Acts. New Testament Commentary. Exposition of the Acts of the Apostles*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1990, 1010pp. Prys onbekend.

Dit is meer as bekend dat die "mantel" van W Hendriksen op Simon J Kistemaker geval het. Hy het reeds in die reeks wat deur Hendriksen begin is, drie volumes voltooi. Hierdie vierde volume bou daarop voort. Dieselfde basiese konsep wat in die vorige volumes gebruik is, word in essensie hier weer aangetref.

Twee sake staan veral in hierdie kommentaar (en die reeks) uit. Daar is in die eerste plek die uitgesproke evangeliese perspektief van waaruit die kommentaar geskryf is. Dit beïnvloed sekere van die keuses wat gemaak word. Die kommentaar is dus veral bruikbaar vir mense wat hulself met hierdie perspektief kan identifiseer.

In die tweede plek is daar die sensitiwiteit vir die leser en die bruikbaarheid van die materiaal. Die afsonderlike behandeling van die Grieks maak die kommentaar byvoorbeeld bruikbaar vir mense wat nie Grieks ken nie. Leerstellige, asook praktiese aspekte geniet spesiale aandag. Op die wyse word meer as net 'n kliniese teksuitleg aangebied. Deur ook op beperkte wyse die implikasies van die teks te bespreek, word die leser uitgenooi om ook oor hierdie faset na te dink. Natuurlik kan Kistemaker ten opsigte van hierdie praktiese en teologies dogmatiese oorwegings nie op volledigheid aanspraak maak nie en bly hy in sy opmerkings maar die "slagoffer" van sy eie westerse situasie. (Dit kan immers nie anders nie). 'n Leser binne die Afrikakonteks hoef homself nie absoluut hieraan gebonde te voel nie, maar kan minstens daarvan kennis neem en wat bruikbaar is implementeer. Ten spyte van hierdie onafwendbare hermeneutiese probleme, bly die praktiese oriëntasie van hierdie reeks tog 'n besondere en bruikbare eienskap.

Kistemaker voorsien sy kommentaar van 'n inleiding waar die bronne, outeur, datum, plek, teologie, karakteristieke en so meer aandag geniet. Die besprekings is relatief kort en op die punt af. Die afdeling "Theology" gee 'n weergawe van die vernaamste temas wat in Handelinge behandel word. Dit gaan hier nie om in diepte teologisering nie, maar om 'n oorsigtelike bespreking van die gebruik van sekere temas in Handelinge. Die kommentaar verloop vers vir vers. Kistemaker raak nie betrokke by die detailbespreking van eksegetiese probleme nie. Hy maak sy keuses en gaan voort. Dit vergemaklik natuurlik die lees van die teks en hou die leser by wat Kistemaker as die essensie beskou. Die neiging in die kommentaar om uit 'n vers enkele temas te kies en dit dan te behandel, is myns insiens nie ideaal nie. Dit gee aanleiding tot eensydige behandeling van die betrokke vers waardeur sekere fasette van die teks maklik misgekyk of oorgeslaan word.

Hierdie kommentaar is nie geskryf vir die spesialis wat in diepte aandag wil gee aan sekere eksegetiese probleme in Handelinge nie, net so min as wat dit populêr geskryf is. Dit is egter aan te beveel vir die leser wat nie noodwendig by die eksegetiese problematiek betrokke wil raak nie, maar in die kommunikasie van die teks (dit wat die teks graag binne sy betrokke konteks wil sê) belangstel. Die formaat, taal en styl is van so 'n aard dat beide die dominee en die ingeligte belangstellende (wat byvoorbeeld in Bybelkunde onderlê is) die kommentaar met vrug sal kan gebruik.

J G van der Watt

F F Bruce, *The Acts of the Apostles. The Greek text with introduction and commentary*, Apollos, Leicester, Engeland of Eerdmans, Grand Rapids, Michigan 1990, Derde uitgawe - hersien en uitgebrei, 569pp, Prys $22.95 (± R130-00)

Ek het nog min (indien enigiets) van F F Bruce gelees wat nie die tyd en moeite werd was om te lees nie. Hierdie kommentaar is geen uitsondering nie.

Hierdie kommentaar is 'n uitgebreide en verbeterde weergawe van Bruce se eerste uitgawe wat reeds in 1951 verskyn het. Heelwat byvoegings ten opsigte van beide teologiese en historiese materiaal is in hierdie derde uitgawe gemaak. Hy vat dit in sy eie woorde mooi saam: "I welcome the opportunity to take account of much scholarly work that has been done more recently, and to incorporate my later (and, I hope, more mature) thoughts on the exegetical problems of Acts" (xvi). Sedert die verskyning van die eerste uitgawe het Bruce homself intensief op die pauliniese literatuur ingegrawe (onder ander by wyse van verskeie kommentare), asook op die stede en gebiede waar die verhaal van Handelinge afgespeel het. Volgens sy eie getuienis is sy perspektief daardeur aansienlik verbreed en die vrug daarvan kan in die kommentaar gesien word.

Die kommentaar volg die konvensionele patroon naamlik 'n "inleiding" gevolg deur vers vir vers kommentering. In die omvattende en uitgebreide inleiding (sowat 100 bladsye) word konvensionele vrae behandel soos: "Wie is die skrywer?"; "Wanneer is geskryf?"; "Hoe moet die historisiteit van Handelinge beoordeel word?" en so meer. Daarnaas word die "teologie van Handelinge" bygevoeg. Wat veral ook handig is, is die kronologiese en genealogiese tabelle. Hierdie tabelle help met die historiese posisionering wat die lees van Handelinge vergemaklik.

In sy bespreking van die teks deel Bruce Handelinge in ses hoofdele in en bespreek dit dan in detail (1:1-5:42: die geboorte van die kerk; 6:1-9:3: vervolging en uitbreiding; 9:32-12:24: handelinge van Petrus en heidene word ingebring; 12:25-15:35: kerkuitbreiding vanaf Antiochië en die Apostelkonvent; 15:36-19:20: Paulus beweeg in die Aegeïese wêreld in; 19:21-28:31: Paulus besoek Rome via Jerusalem).

Dat Bruce sy akademiese loopbaan as klassikus begin het, blyk uit die sterk klem op die Griekse aspekte van Handelinge. Hierdie eienskap van die kommentaar maak dit baie waardevol, veral vir die persoon wat onseker voel oor sy eie Griekse vermoëns. Wat die persoon self nie van Grieks weet nie, maar tog behoort te weet, word deur Bruce aan hom gesê. Dit alleen maak dit al die moeite werd om hierdie kommentaar aan te skaf.

In sy detailbesprekings verwys Bruce ook telkens na hoeveel keer en waar

'n term elders voorkom, die Hebreeuse of Aramese terme wat met die Grieks korrespondeer, asook na relevante literatuur wat ten opsigte van sekere probleme geraadpleeg kan word. Met laasgenoemde het ek tog 'n probleem omdat hy die verwysings met sy bespreking van die teks vervleg. Dit dateer ongelukkig 'n kommentaar en kon myns insiens beter in voetnotas of eindnotas verwerk gewees het.

'n Verdere positiewe faset is dat Bruce nie onnodige lang besprekings en argumente voer nie. Soms is die kommentaar wat hy lewer selfs te kripties. Dit het egter die voordeel dat daar met 'n redelike tempo deur die teks "beweeg" word maar dat die leser tog met die nodige inligting gekonfronteer word. Dit is ook moeilik om nie - as 'n mens die kommentaar lees - beïndruk te word deur die geleerdheid wat uit die kommentaar straal nie. Die eksegtiese beslissings wat hy maak is deurgaans verantwoord en hy probeer nie eksperimenteer met allerlei nuwe gedagtes in die kommentaar nie. Dit maak dit dus 'n kommentaar wat met vertroue gelees kan word.

Soos uit die bespreking blyk, is hierdie 'n kommentaar wat sterk aanbeveel kan word. Omdat daar egter heelwat Grieks in die kommentaar voorkom, word hierdie kommentaar egter nie vir 'n populêre of semi-populêre leserskring aanbeveel nie, maar wel vir lesers wat oor 'n basiese Griekse vaardigheid beskik.

J G van der Watt

Andrew T Lincoln, *Paradise now and not yet. Studies in the role of the heavenly dimension in Paul's thought with special reference to his eschatology*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan (1981) 1991, 277pp. Prys onbekend.

Hierdie boek se omvattende subtitel beskryf akkuraat waaroor die inhoud handel. Die skrywer ondersoek teksgedeeltes in Paulus se litertuur wat verband hou met die "hemel". Hy beperk homself egter nie net tot terme wat direk met "hemel" vertaal kan word nie, maar hanteer ook verwante sake. Dit vergroot die spektrum sowel as interessantheid van die boek heelwat. Na 'n interessante inleiding begin Lincoln met 'n bespreking van Galasiërs met die fokus op die hemelse Jerusalem. Daarna volg 1 en 2 Korintiërs. In 1 Korintiërs word die bekende hoofstuk 15 in detail behandel. In die gedeelte oor 2 Korintiërs word hoofstuk 4:16-5:10 (die "hemelse huis") behandel waarna die gedeelte oor die "derde hemel" (12:1-10) ter sprake kom. Filippense, Kolossense en Efesiërs word in die volgorde daarna behandel. 'n Samevattende hoofstuk oor die "hemel en die eskatologiese perspektief in die Pauliniese denke" sluit die boeke af.

In die inleiding bespreek Lincoln die resente problematiek rakende die plek en aard van die hemel. Waar is byvoorbeeld bo of onder? Antieke kategorieë en opvattinge rakende byvoorbeeld ruimte en plek het oor die eeue radikaal verander, wat die hantering van hierdie konsepte en terme deur die moderne mens problematies maak. Binne hierdie konteks van kritiese sensitiwiteit behandel hy die Pauliniese denke rakende die hemel. Hy werk nie sinteties nie, maar eksegetiesanalities. Dit beteken dat hy relevante teksgedeeltes afsonderlik en binne hul eie unieke kontekste behandel. Hierdie besprekings van die verskillende teksgedeeltes is van goeie gehalte. Relevante "agtergrondsmateriaal", insluitende godsdiens-

historiese insette, word met die bespreking van die verskillende woorde, frases en uitdrukkings gekombineer.

Alhoewel daar hier en daar van dr Licoln op kleiner punte verskil kan word (wat by eksegetiese ondersoeke nie vreemd is nie) is sy eksegetiese werk van goeie en soliede gehalte. Daarom is daar by my geen huiwering om hierdie boek aan te beveel vir enige persoon wat in die "hemel by Paulus" belangstel nie. Tog is die eksegese gespesialiseerd en dit word (soos dit hoort) uit die Grieks gedoen. Dat dit dus nie 'n "populêr" geskryfde boek is nie, moet net in gedagte gehou word indien daar oorweeg word om die boek aan te koop.

'n Laaste opmerking: daar is relatief min navorsing oor hierdie onderwerp tot met die verskyning van hierdie boek gedoen. Natuurlik is dit derhalwe binne die Nuwe-Testamentiese navorsing van belang, maar ook dogmatici behoort binne die locus van die eskatologie kennis van hierdie boek te neem.

J G van der Watt

B J van der Walt, *Oor Gode en Mense, Inleiding tot 'n Christelike Godsdiensfilosofie*, Potchefstroom 1989, 349pp. Prys R15-00.

Die boek is geskrywe as "'n (inleidende) leesboek en nie 'n (afgeronde) handboek in die Godsdiensfilosofie" (p1) vir voorgraadse (tweedejaar) studente en voornemende teologiese studente nie. Hoofstukke oor die mensvisie en die samelewingsleer wat nie streng gesproke onder die tema Godsdiensfilosofie tuishoort nie, is vir die doel by die boek ingesluit.

Die skrywer verkies die term filosofie van Religie bo Godsdiensfilosofie. Religie sien hy as die *omvattende,* godsdiens as die *spesifieke* diens aan God; religie is die *indirekte,* godsdiens die *direkte Godsdiens* (of afgodediens) (p5). Hierdie definiëring van religie sluit dan ook aan by die skrywer se siening van filosofie as 'n wetenskap wat die hele werklikheid bestudeer. Filosofie is 'n totaliteitswetenskap. Filosofie van die Religie bestudeer dan die religieuse voorveronderstellings of uitgangspunte wat die filosofiese denke beïnvloed. Naas die verskynsel van religie wat as sodanig beskryf word, word insiggewend gehandel oor die ideologiese en utopiese religieë. Die vraag van die Godsbewyse en die Teodisee word bespreek en filosifies beoordeel. 'n Besonder insiggewende bydrae is die hoofstuk oor die ontmoeting van die Evangelie met die tradisionele Afrikareligie (hoofstuk 16).

Die vraag kan gestel word of die skrywer hom hou by sy eie definisie van Filisofie van Religie. Wanneer hy inhoud gee in sy bespreking aan religie en dit weer definieer, sou hierdie definisie net so goed van toepassing kon gewees het op die christelike godsdiens: "Religie is die verhouding van die mens tot God drieënig in gehoorsaamheid aan God se wet, wat Hy in sy Woord in liefde tot Hom en sy naaste saamvat" (p58). Hier is inderdaad sprake van 'n spesifieke en direkte diens aan God in gehoorsaamheid.

Die belangrike aspek wat ook hier na vore kom, is die definiëring van religie in die lig van die Woord (liefdesgebod). As christenfilosoof is Van der Walt daarvan oortuig dat alle wetenskappe na die Skrif moet *luister,* hoewel dit die taak van die teologie is om die Skrif te *ondersoek* én daarna te *luister.* In sy ondersoekende luister en luisterende ondersoek, fokus die teologie veral op die Woord en

die kerk (p214). Wanneer temas soos Woord- en Werkopenbaring (p74), die gesagvolheid van die Woord (p90), die teenwoordigheid van God (p100) en die soewereiniteit van God en die verantwoordelikheid van die mens onder die vaandel van Godsdiensfilosofie behandel word (p113), is dit nie net meer 'n luister na die Skrif as filosoof nie, maar word die boodskap teologies geïnterpreteer en selfs prakties toegepas (p124-135). Hoewel dit insiggewende leesstof bied wat 'n mens tot nadenke stem, is die vraag tog of dit nie 'n oorskreiding van die grens van die filosofie is nie.

Aangesien die christengelowige, -filosoof en -teoloog die gesagvolle Woord van God het as normatief vir sy besinning, is die wesenlike gevaar dat daar nie eers werklik geluister word na die eintlike problematiek en dit blootgelê word, alvorens daar op 'n goed gefundeerde wyse 'n antwoord gegee word nie. Dit is juis die uitdaging van die Godsdiensfilosofie om skerp te kyk na die fundamentele uitgangspunte en grondliggende vrae rondom die problematiek van die religie. Daar moet dan met groot versigtigheid 'n Skriftuurlike antwoord gegee word. Die antwoord kan nie sonder die hulp van die teologie gegee word nie. Die skrywer is ook geneig om die wese van alle problematiek te herlei na die skema van natuur-genade as dié grondliggende oorsaak (p60).

Die boek bied interessante leesstof vir elkeen wat met die probleme en vrae rondom die geloof en die uitlewing daarvan worstel, hetsy studente, christengelowiges en predikante. Die skryfstyl is maklik om te volg, hoewel sommige filosofiese begrippe vir sekere lesers dalk onbekend is. Daar word uitgesien na die voorgestelde heruitgawe van die boek, waar die hoofstukke meer met mekaar geïntegreer en op 'n afsonderlike wyse behandel sal word. Die voorgestelde byvoeging van 'n beperkte bibliografie sal die waarde van die boek verder verhoog.

D J Dreyer

J K Robbins (ed), *The essential Luther. A reader on Scripture, Redemption and Society*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1991, 93pp. Prys nie vermeld.

Hierdie werkie deur die leraar verbonde aan die Lutheran Campus Center van West Virginia Universiteit is saamgestel as 'n inleidende leesboek vir studente. Na 'n kort inleiding oor die interpretasie van die Bybel, volg 'n uittreksel uit Luther se uitleg van Genesis 1 en 2. Daarna word Luther se beginsels by die verklaring van die Bybel weergegee met baie verwysings na die werke van Luther self. In deel 2 wat handel oor die versoeningsleer, word gedeeltes uit Luther se Romeine kommentaar, die Heidelberg stellinge en die vryheid van 'n Christen aangegee. Luther se versoeningsleer word bespreek met weer eens talle verwysings na sy werke. Die laaste deel handel oor die gehoorsaamheid aan die owerheid, die vraag of soldate ook gered kan word en 'n preek oor skoolonderrig. Die samevattende opmerking van Robbins bespreek gehoorsaamheid aan die owerheid, ons roeping om God te volg en kruisdra.

Die teksverwysings na Luther se werke is na die sogenaamde Amerikaanse vertaling van sy werke en is dus vir almal toeganklik en verstaanbaar. Dit is 'n nuttige inleiding tot Luther se werke maar die direkte kennismaking met Luther self is min. Die werk is egter nuttig vir die talle verwysings na Luther se werk en die

student wat graag self wil navors, kan dit as basis gebruik om verder in die werke van Luther te lees.

C F A Borchardt

H H Meeter, *The basic ideas of Calvinism*, 6th ed. revised by P A Marshall, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1990, 221pp. Prys onbekend.

Hierdie werk van die hand van 'n voormalige dosent aan Calvin College, het vir die eerste keer in 1939 in druk verskyn en is in Nederlands, Japanees, Koreaans en Spaans vertaal. Vanweë volgehoue belangstelling in die Calvinisme, het die Basic Historic Calvinism Committee besluit om dit te laat hersien en weer uit te gee. Paul Marshall wat politieke teorie aan die Institute for Christian Studies in Toronto doseer, het die hersiening versorg en self drie hoofstukke geskrywe. Dit handel oor temas wat intussen na die laaste druk van Meeter se werk in 1960, op die voorgrond gekom het naamlik "The Christian and total war", "Liberation theology" en "political hope". 'n Nuwe bibliografie is opgestel deur Peter de Klerk wat bekend is vir die jaarlikse bibliografieë wat in die *Calvin Theological Journal* verskyn. Daar is 'n kort indeks aan die einde van die boek wat die bruikbaarheid daarvan verhoog.

Die eerste sewentig bladsye van die boek handel oor die teologiese aspekte van Calvinisme en die volgende 130 bladsye oor die politieke idees in die Calvinisme. Die fundamentele beginsel in die Calvinisme is die leer oor God en nie die uitverkiesingsleer nie (p20). Die volgende hoofstukke handel oor die Bybel, geloof, die balans van die stelsel, die algemene genade en 'n lang hoofstuk oor kultuur sluit die eerste deel van die boek af.

In die tweede deel wys Meeter daarop hoe politieke teorieë geformuleer is wat basies op Calvinistiese beginsels berus. Uit die reformasie tydperk noem hy Beza en Hotman en Buchanan, die Skotse staatsman. Uit die negentiende eeu noem hy Gladstone en die Nederlanders Kuyper en Savornin Lohman en in ons eeu Colyn, Diepenhorst en Anema. Vervolgens bespreek die outeur die oorsprong van die staat, staatsvorms, regeringsvorms, die taak van die regering, sy gesag waaronder die verkeerde uitoefening van gesag ook aan die orde kom. Burgerlike vryheid en soewereiniteit van die verskillende sosiale kringe, die verhouding tussen kerk en staat, verhoudinge tussen verskillende nasies en Calvinisme en die Verenigde Nasies en internasionale reg word ook bespreek. Die laaste hoofstukke handel oor oorlog, verskillende houdinge daarteenoor en die sogenaamde regverdige oorlog.

'n Mens kan saamstem met die opmerking van Louis Berkhof in sy voorwoord by die tweede druk dat dit 'n beknopte maar volledige en betroubare samevatting van die beskouings van die Calvinisme weergee. As mens in gedagte hou dat die boek basies dertig jaar oud is en dus nie verwysings na nuwe literatuur in die voetnote verwag nie, kan dit as 'n handige kort gids beskou word wat allesins die moeite loon om deurgelees te word.

C F A Borchardt

Johan Cilliers, *'n Greintjie van God is genoeg,* Lux Verbi, Kaapstad 1991, 67pp. Prys R11-70.

'n Verslaggewer het aan die rus Yuri Gagarin, die eerste ruimtevaarder, gevra of hy God daarbo gesien het? Gagarin het min of meer as volg geantwoord: "Nee, ek het orals gekyk. Al wat ek gesien het, was die onmeetlike ruimtes, ontelbare sterre. God? Van Hom het ek niks gesien nie. Nie eens 'n greintjie nie."

Dit sê die skrywer is die probleem met baie mense. Jy kan alles haarfyn waarneem, jy kan alles met arendsoë sien, behalwe God. Jy kan só teen die sigbare dinge vaskyk en later begin wonder of God nie dalk afwesig is nie? Miskien het jy dalk net daardie gevoel dat God swyg of weg is of dalk nie bestaan nie.

Dit kan gebeur in situasies van siekte of dood, van pyn en lyding, wanneer dit voel asof die beheer oor jou bestaan uit jou greep glip, wanneer jou andersins geordende lewenspatroon tot in sy fondamente geskud word. Die skrywer is realisties genoeg om te weet dat die christen nie op 'n geheime pad die spitstydverkeer van die lewe kan ontkom nie. Hy is egter ook optimisties oor die feit van God se teenwoordigheid.

Dit vra 'n geloofsprong. Dit vra om deur en óor die probleme heen te kyk en God raak te sien. Dit vra geloofsvisie. Die rus, Yuri Gagarin, kon dit nie sien nie, maar ons kan, omdat ons glo.

Die skrywer praat in elke gedeelte wat hy behandel oor 'n paar aktuele vrae naamlik: 1. Waar is God? (p16,25,30,51) 2. Die teenwoordigheid van God in ons lyding (p12,26,52,56) 3. Geloof in God (p12,25,33,57). Dit is alles vrae waaroor mense in 'n krisis mee worstel.

Hierdie boek kan gegee word aan mense in 'n krisis. Dit kan met vrug gebruik word vir persoonlike bybelstudie en selfs as preekstof bygewerk word.

H S Breytenbach

J Wilhoit, *Christian Education. The search for meaning,* Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1991, 181pp. Prys nie vermeld.

Hier word gewaarsku teen 'n leermetodiek wat net aanbied wat gevra word. As metode die primêre fokus word, word christelike opvoeding gereduseer tot 'n blote tegniek.

Wilhoit meen dat christelike opvoeding gerig is op twee sake naamlik: (a) 'n Mens intensiewe bediening en (b) dit fokus op die betekenis vir die lewe.

In die onderrig gaan dit om mense. Die kurrikulum mag nie belangriker geag word as die mense nie. Met christelike opvoeding moet daar gepoog word om 'n omvattende siening te gee van God se wêreld en om die mense van hierdie wêreld te help vir die wêreld. 'n Christelike opvoedingsprogram wat fokus op die lewe moet 'n paar kenmerke hê naamlik: (a) Daar moet 'n konstante poging wees om die Bybel en die lewe te verbind; (b) Die onderwyser moet die studente begelei tot 'n selfontdekking van die lewe; (c) 'n Gelowige lewe het 'n hoër prioriteit as korrekte bybelse kennis; (d) Elke klaskamer moet 'n veilige hawe wees, 'n omgee netwerk waar genade ervaar kan word.

In 'n volgende afdeling gaan dit om die verband tussen teologie en

opvoeding. Vyf sake word as prominent gesien in die christelike opvoedingsproses naamlik: (a) kennis van God; (b) Bybelse doel; (c) die rol van die Heilige Gees; (d) die menslike natuur; en (e) christelike volwassenheid.

Wilhoit bespreek drie opvoedkundige benaderings op 'n interessante en volledige wyse. In die romantiese benadering word die onderwyser gesien as tuinier. Dit is die benadering wat begin het by Jean J Rousseau (1712-1778). Hier val die klem op die individu met as doel die persoonlike groei en selfvervulling. Die opvoedkundige proses is daarop gerig om ingebore gewoontes en persoonlikheidseienskappe te laat ontwikkel. Die opvoeder word tweedens bespreek as 'n tegnikus. Hier gaan dit om die effektiewe oordra van kennis en daar word gefokus op die gemeenskap, volk en kerk. In die opvoedkundige proses gaan dit om die feitelike opneem van informasie.

Laastens bespreek hy die opvoeder as koördineerder. Die doel van hierdie proses is die toerusting van die leerling met bruikbare verstandelike gereedskap. Hier word ook gefokus op die volk, kerk en individu. In die opvoedkundige proses gaan dit egter om die gee van "gereedskap" deur middel van interaksie tussen huidige ondervinding, persoonlike perspektiewe en die kennis van die gemeenskap.

Nie een van die drie benaderings word op die ou end gekies as die absolute regte een nie. Wilhoit kies eerder vir 'n interaksie en afwisseling of dan die transformerende benadering waar dit gaan om radikale verandering deur genade alleen. Die kenmerke van hierdie transformerende opvoeding is: (a) 'n Fokus op die herinnering; (b) God gesentreerdheid; (c) Klem op verhoudings; (c) Die belangrikheid van die misterieuse; (e) 'n Balans tussen ondersteuning en uitdaging.

In die laaste hoofstuk ontwerp Wilhoit 'n evangeliese teorie vir Bybelse onderrig. Hier beklemtoon hy die Bybelse geletterdheid, 'n vreugde om die Skrif te lees, ware toewyding, 'n christelike wêreld-visie en dat die Bybel as geestelike gereedskap gebruik moet word.

Hierdie boek is 'n goeie gebalanseerde boek, wat elkeen wat onderrig gee, moet lees.

H S Breytenbach